


# Seuns Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Nikola Tesla   Oscar Wilde   Roald Dahl   Salvador Dali



Steven Hawking   Steven Spielberg   Trevor Noah

# Nikola Tesla

(1856-1943)



In 'n klein dorpie in Kroasië, te midde van 'n oorverdowende donderstorm, is 'n seuntjie genaamd Nikola gebore. Die kraamverpleegster was bekommerd dat die donderweer 'n slegte teken was.

‘Hierdie kind sal 'n kind van duisternis wees,’ het sy gesê.

‘Nee,’ het Nikola se ma geantwoord, ‘hy sal 'n kind van lig wees.’






Van kleins af, het Nikole baie groot planne gehad. Nadat hy 'n tekening van Niagara-watervalle gesien het, drie van die kragtigste watervalle ter wêreld, het Nikola vir sy oom gesê dat hy eendag 'n reuse-wiel daaronder sou sit en dit sal gebruik om krag te maak.



Toe hy ouer was, het hy na Amerika verhuis om sy planne in werking te stel.

Terwyl hy daar was, het hy uiters bang geword vir kieme en ronde voorwerpe. Hy sal nooit iemand se hand geskud het nie. Hy het ook versot geraak op die nommer drie. Hy sou drie keer om 'n gebou loop voordat hy ingaan het. En hy kon nie met iemand praat wat pêrels gedra het nie.








Vandag, sou Nikola dalk met obsessief-kompulsiewe versteuring gediagnoseer gewees het, maar hy het gesê dat sy gedrag beteken dat hy beter op sy navorsing kon gefokus het.

Wat hy wel gedoen het.




In sy laboratorium het Nikola vreemde en gevaarlike eksperimente uitgevoer. Hy het 'n aardbewing masjien geskep. Hy het gekartelde weerligstrale met pers elektrisiteit met sy hande beheer. Hy het selfs probeer om 'n tydmasjien te skep.






Teen die einde van sy lewe het Nikola meer as 700 nuwe dinge uitgevind, insluitend die afstandbeheerder, neonlampe, radio, lasers en 'n nuwe soort motor.





Raai wat het hy nog gedoen? Hy het die krag van die Niagara-waterval ingespan en dit gebruik om stede te verlig.






# Oscar Wilde (1854-1900)





Isola Wilde is 'n paar dae voor haar tiende verjaardag onverwags dood. Haar broer, Oscar, was verpletter. Omdat hy nie geweet het wat om anders te doen nie, het hy vir lang tye by haar graf gesit en vir haar stories vertel.





Soos hy ouer geword het, het Oscar 'n bekende digter en toneelskrywer geword, en is dikwels gesien waar hy rond gedwaal het, geklee in vreemde klere en het groot blomme gedra.





Hy was oral bekend omdat hy skreeusnaaks, selfversekerd en luidrugtig was, maar mense het gesê dat as hy ooit oor sy suster begin praat, wat hy dikwels gedoen het, het hy stiller en sagter geword.



Een van sy bekendste gedigte was vir haar geskryf; die eerste lyne is:

***Trap saggies, sy is naby  
Onder die sneeu,  
Praat sag, sy kan  
Die madeliefies hoor groei.***






Oscar was 'n homoseksueel en hy het verlief geraak op 'n jong heer wie se pa wreed en onverdraagsaam was.





As gevolg van hom was Oscar voor die hof gebring, skuldig bevind en tot twee jaar harde arbeid in die tronk gevonniss.





Toe hy uit gekom het, het Oscar dadelik Frankryk toe getrek. Hy was siek en arm, en het 'n paar jaar later gesterf. Dit was eers ná sy dood dat sy skryfwerk werklik raakgesien was. Sedertdien is sy toneelstukke en gedigte oor die hele wêreld opgevoer, bestudeer en verfilm.






'Ons is almal in die geut,' het hy eenkeer gesê, 'maar sommige van ons kyk na die sterre.'





Roald Dahl  
(1916-1990)






Roald is as seun weggestuur kosskool toe. Hy het nie van al die reëls gehou nie, maar hy het wel daarvan gehou hoe Cadbury's nuwe sjokolade vir sy klas sou stuur om te toets.







Al het hy nie baie goed met sy studies gevaar nie, het  
Roald se ma aangebied om vir hom te betaal om  
universiteit toe te gaan.

‘Nee, dankie,’ het Roald geantwoord. ‘Ek wil direk na  
skool by 'n maatskappy gaan werk wat my na wonderlike  
ver plekke soos Afrika of China sal stuur.’




En hy het, totdat oorlog uitbreek het en hy het as 'n  
vegvlieënier aangemeld, wat oor die eilande van die  
Middellandse see gesweef het.






Roald se vliegtuig het in Egipte neergestort. Hy het uit die brandende wrak gekruip, beseer maar lewendig en is uiteindelik Amerika toe gestuur om te gaan werk.






Toe hy by Amerika aangesluit het, het mense hom gevra om stories vir tydskrifte en koerante te skryf oor sy ervarings as 'n vlieënier, dis presies wat hy geskryf het, maar toe het hy gevind dat sy stories al hoe meer fantasties geword het, totdat hulle vreemde wesens bevat wat toweragtig avonture aanpak.





Later, toe Roald vyf kinders gehad het, het hy elke aand by hulle gesit en stories opgemaak voordat hulle gaan slaap het. Daardie stories is gepubliseer as boeke wat oor die hele wêreld verkoop is en die karakters van kinders oral.





Soos Matilda Wormwood, wat ontdek dat sy psigokinetiese kragte het en dit gebruik om volwassenes te verslaan wat kinders seermaak.





Of Sophie, wat saam met snozzcumbermunching BFG saamspan om 'n einde te maak aan die bouse reuse wat menslike bone eet.





En Charlie Bucket, wat 'n kaartjie na 'n toweragtig sjokoladefabriek kry, soortgelyk aan die plek waar Roald hom voorgestel het dat hy vir hom al daardie sjokolade gestuur het as 'n seun.





***“Diegene wat nie in towerkuns glo nie, sal dit nooit vind nie,” het Roald gesê.***





Toe hy gesterf het, is hy met sjokolade, wyn en 'n saag  
begrawe. Selfs vandag besoek kinders sy graf om te groet,  
en om dankie te sê vir al die stories.






# Salvador Dali

(1904-1989)





Op skool sou Salvador altyd kwaad word of vreemd optree, en die ander kinders sou sy lewe versuur. Hy het anders gelyk en opgetree en was moeilik om te verstaan.





Dinge het ook nie veel beter geword toe hy by 'n kunsskool aangesluit het nie. Daar het Salvador die meeste van sy tyd gespandeer aan dagdroom. Uiteindelik is hy geskors omdat hy chaos veroorsaak het.






Salvador het eerder na Parys gereis om sy kuns onder ander kunstenaars te slyp.






Hy het films, beeldhouwerke en bisarre droomagtige skilderye gemaak, soos horlosies wat gesmelt het en olifante wat dwaal deur wolke op bene so hoog soos wolkekrabbers.





Almal was mal daar oor. Net soos Salvador, hulle was anders as enigiets wat iemand voorheen gesien het. Die vreemde dinge waarvoor hy vroeër geboelie was, was uiteindelik die dinge wat almal in hom gevier het. Nou was mense opgewonde toe Salvador vreemd opgetree het.





Eenkeer het hy sy motor met honderde blomkool gevul en deur die strate van Parys gery en dit uitgedeel.





'n Ander keer het hy 'n les in 'n diepsee-duikpak gegee.





As troeteldier het hy 'n panterkat aangehou, wat 'n groot kat is, soos 'n poema, maar met strepe. Wanneer hy dit ook al by restaurante ingeneem het, was die mense altyd vreesbevange. Hy het vir hulle gesê om nie paniekerig te raak nie, en dat dit net 'n normale kar is wat hy 'oorgeverf' het.






Salvador was so gewild dat allerhande mense, plekke en maatskappye sy werk wou hê. As jy al ooit 'n Chupa Chupa suigstokkie gehad het, dan het jy 'n deel van sy kuns gesien, want dit was Salvador wat die logo ontwerp het.






Uiteindelik het Salvador een van die mees ikoniese en mees geliefde figure in kunsgeskiedenis geword, alles omdat hy getrou gebly het aan homself.





# Steven Hawking (1942-2018)





Skool het Stephen verveel, so hy was opgewonde toe dit klaar was en hy kon by die universiteit in Cambridge aansluit om te leer oor kosmologie, die studie van alles wat met ons heelal te doen het.


Stephen het baie groot vrae gehad. Hoe het die heelal begin? En waarom? Wat het voor dit gekom? En wat presies is swart gate?

Hy het 'n spesiale verstand gehad en sy werk het almal vinnig beïndruk.





Toe Stephen een en twintig was, het sy vriende en familie begin agterkom dat hy sou struikel en soms beheer oor sy woorde verloor het.





Hulle was bekommerd. Hulle het hom na 'n dokter gestuur, wat hom met 'n siekte genaamd ALS gediagnoseer het, wat beteken het dat Stephen se liggaam stadig besig was om af te sluit. Die dokters het gesê dat hy nog net twee jaar het om te lewe.





Toe Stephen dit hoor, het hy homself reguit teruggewerp in sy  
ondersoek na die kosmos.





Ten spyte van die dokter se vrese, het hy nog vyftig jaar gelewe,  
en hy het een van die belangrikste fisici in die wêreld geword.





Al was hy in 'n rolstoel en kon nie beweeg nie, en het 'n rekenaar nodig gehad om te praat, het Stephen nooit opgehou om te soek na 'n teorie van alles nie: een enkele idee wat die hele heelal en alles daarin kan verduidelik.





Hy het ook tyd gevind om 'n bekende boek genaamd *A Brief History of Time* te skryf, wat vir baie mense oral hul eerste blik op die groot misterie van tyd en ruimte was.





Soos sy siekte vererger het, het Stephen tyd saam met sy kinders en kleinkinders deurgebring, sy navorsing voortgesit en gereis om lesings oor die kosmos te gee.





***‘Hoe moeilik die lewe ook al lyk,’ het hy gesê, ‘daar is altyd iets wat jy kan doen en daarin slaag. Dit maak saak dat jy nie net opgee nie.’***





# Steven Spielberg (Gebore 1946)





Grootword was vir Steven moeilik. Sy familie was Joods en bure en kinders by die skool het hom beledig as gevolg daarvan.






Een aand het Steven by sy slaapkamer uitgesluit en al hul bure se vensters met grondboontjebotter toe gesmeer. Toe hulle sy ma konfronteer, het sy gelag en vir hulle gesê sy is trots op hom. Maar Steven het steeds dikwels ongemaklik gevoel om Joods te wees.





Hy het gevind dat hy van alles kan vergeet toe hy rolprente  
gemaak het. Hy was mal daaroor om sy gesin se tuisfilmkamera  
te gebruik om video's te maak van familiekampuitstappies en  
verjaarsdagpartytjies.






Vir sy eerste flik het hy met sy speelgoedtreine verongeluk en dit verfilm. Hy het gevind dat hy dit eerder verkies het om draaiboeke te skryf en 'n toneel in sy films te sny as om saam met ander kinders in sy skool te speel.





Soos hy grootgeword het, het Steven bekend geword as 'n filmregisseur. Hy het films gemaak oor moordenaarhaaie, ruimtevreemdelinge, dinosourusse en tydreise. Maar hy het nog nooit 'n film gemaak oor Joods wees nie.






Toe hoor hy die storie van  
Oskar Schindler...






Tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe die Nazi's Jode in groot getalle vermoor het, het Oskar die lewens van meer as duisend Jode gered deur hulle werk in sy fabriek te gee. Hy het sy hele fortuin spandeer om Nazi's te betaal om hulle nie weg te neem nie. Steven het geweet dit is 'n storie wat vertel moes word.





Eintlik was dit so belangrik dat hy nie eers gedink het hy is goed genoeg om dit te maak nie, so hy het eers ander mense gevra of hulle dit sal doen. Toe hulle nee sê, het Steven deur Pole gereis om die plekke agter die ware geskiedenis te sien.





***‘Die Joodse lewe het terug in my hart gekom,’ het hy gesê. ‘Ek het heeltyd gehuil.’***





Toe dit vrygestel was, het die film meer as twintig toekennings verdien. Dit word nou as een van die beste rolprente van die afgelope honderd jaar geklassifiseer.






Trevor Noah  
(Gebore 1984)





Trevor sê hy is 'n misdaad wat gebore is. Sy pa is wit, sy ma is swart en hy kom van Suid Afrika, waar enige vermenging tussen die twee onwettig was.






Toe sy ma in sy pa se gebou betrap was, was sy tronk toe gestuur. As hulle saam buite was, was sy ma nie toegelaat om sy pa se hand vas te hou nie en sy pa moes aan die ander kant van die pad geloop het.






So, Trevor was deur sy oumas en sy ma groot gemaak totdat sy ma met 'n gewelddadige man getrou het, wat Trevor verskriklik bang gemaak het, die man het haar een keer in die kop geskiet. Op een of ander manier het sy oorleef, en sy het voortgegaan om na Trevor te kyk, so goed as wat sy kon.






Skool was ook moeilik, want hy het gevoel hy kon nie by die wit kinders of die swart kinders ingepas het nie. Trevor het ook aan baie pynlike kolle gely en moes medisyne neem om dit onder beheer te kry, wat newe-effekte gehad het, soos om hom moeg en ongelukkig te maak.





Sy gesin was so arm dat hulle wurms sou eet. Om die motor te begin, het hulle dit teen die heuwel afgerol om petrol te bespaar. Om geld te maak, het hy saam met sy vriende DJ-stelle in die strate gespeel.





Soos hy grootgeword het, het Trevor besluit om alles te gebruik wat hy deurgegaan het. Hy wou sy ervarings in komedie plaas.





Selfs toe hy oor die hartseerste, moeilikste tye van sy lewe gepraat het, het hy daarin geslaag om die snaakse kant te vind. En hy het sy komedie regoor Suid Afrika geneem, en sy pyn en gelag met vreemdelinge gedeel.





Trevor het sedertdien na Amerika verhuis. Hy bied die grootste Amerikaanse komedie-nuusprogram aan en is 'n bekende opstaan-komediant. Hy sê hy het dit alles te danke aan sy ma se vasberadenheid dat hy uit armoede sou kom.





***'In my wêreld,' het hy gesê, 'was 'n vrou die magtigste ding wat ek geken het. En is nog steeds.'***

